# Hulp en Hoop

Kwartaal 4

DESEMBER 2022


**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

**Finansiëel :**
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

**Administrasie** :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**Sentrumbestuurder:**
Jaco Koekemoer
082 688 5971

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845
ds.jacques.erasmus@gmail.com

**WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za

**FACEBOOK**
www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

**SENTRUM / PARKIE VERHURING / BESPREKINGS**
Jaco Koekemoer
082 688 5971


## In die uitgawe


Die Krag van Gebed 2

Dankoffers / Tiende Maand Dankoffers 2

Aksie Jonk van Gees 3

Wit-skuiling (Leeuwkuil Gemeenskap) 3

Sendinginisiatief 4

Abraham Kriel Kinderhuis - Huise Bauhinia /Boekenhout 4

Jeug 5

Gemeente foto's 6


## Kersboodskap

Vriende as ek so terug kyk na die jaar wat so te sê agter die rug is, kom net twee gedagtes by my op ***"Loof die Here want Hy is goed en aan Sy goedheid is daar geen einde nie."*** en die tweede gedagte ***"Hoe het ons deur die deurmekaar jaar gekom?"***

As ons sommer dink hoe hierdie jaar begin het, met onsekerheid! Niemand van ons het geweet, selfs by Maart, wat, waar en hoe gaan die volgende verrassing, met COVID regulasies en ook die gevolg daarvan vir ons wag nie.

Ek dink nie ons gemeente weet aldag en besef die juweel van 'n Gemeente wat ons is nie. Dink sommer saam my...
Eers al die werkers wat die terrein, die geboue netjies en hulpvaardig instandhou en bestuur. En dit het alles gebeur onder die leiding die jaar van Nanette Strauss en later Jaco Koekemoer wat by ons aangesluit het. Dan as jy by daardie gebou instap word jy oorstelp met vriendelikheid, daar is Anita wat uitstekend is met haar admin reëlings en om seker te maak ek vergeet nie iets nie. Truly is natuurlik tot op die sent noukeurig hoe sy met die gemeente se finansies werk, maar agter dit lê daar 'n bestuurspan, ons kerkraad, ons aksie vergaderinge wat van die visionering tot by die kwartaal vergaderinge hulle uiters goed van hul taak gekwyt het en met trots geantwoord het op die roeping wat God hulle voorgehou het. En dan vriende is daar u die gemeente, dink aan elke aksie, vergadering, basaar, kategete beplanning, klasgee, elke oproep vir uitreik na armes, die kinderhuis, die dienssentrum en die ouetehuis. U wat werklik gehoor het hoe en waar die Heilige Gees geklop het en u bevoeg gemaak het om betrokke te raak. (Lees asb. al die aksies se terugvoer in die blad).

Ek is dankbaar ook vir die musiekgroep se harde oefening en spel, Lothar se getroue begeleiding, die persone wat hul tyd op die projektorborde en uitsending kom aanbied het, elkeen wat getrou in hulle bedieninge staan.

Ons is trots op die Bybelstudie byeenkomste wat met soveel belangstelling bygewoon word en dankbaar vir hoe dit ons vorm en hoe ons na mekaar en na God se leiding luister.

Ek wil ook graag aan my vrou, my seun en al die families wat betrokke is by die gemeente sê dankie en mag ons aan die einde van die jaar met trots sê **Soli Deo gloria Alle eer kom God toe.** Elke kospakkie wat afgehaal word by die kerk, elke persoon wat ons slaapplek voor gee, die Aksies waar ons



betrokke raak, is nie ons nie, maar ons gemeente wat na die roepstem van God luister, smag na Sy wil en probeer na die bes van ons vermoë om te doen wat ons kan.

Mag u elkeen die Kersfees die wonderlike boodskap van God se Christus geskenk beleef, mag u lewe gevul wees **met Vreugde Vrede Hoop Liefde en Geluk.** Mag die Nuwejaar 'n jaar wees waar ons elkeen geken word aan God se goedheid wat ons volg, al die dae van ons lewe, sodat ons nooit sal ophou getuig **"GOD IS GOED"**!

Groete Jacques

## VISIONERING

is 'n proses waar 'n droom 'n realiteit word.

**Kom wees deel van ons gemeente se droom vir 2023**

**DONDERDAG 19 JANUARIE**

Ons vra voorbidding vir die leiding van die Heilige Gees met die gemeente se beplanning vir 2023



# Die krag van die gebed.

*"Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde."* Mattheus 6:6 (53-vertaling).

- Die groei van ons geestelike lewe hang in 'n groot mate af van ons gebedslewe.
- My geestelike lewe sal bloei of kwyn volgens die manier waarop ek bid: bid ek met lus of net uit pligsgevoel.
- Bid ek volgens God se Woord of na my eie wil; bid ek gereeld of net af en toe as ek dalk onthou.
- Dit is in die woorde van Jesus hierbo waarin ons die kern van die ware gebed vind.

Gebed is om alleen met God te wees en sy teenwoordigheid te ervaar. **Laat jou eerste gedagte wees wanneer jy wil bid: *hier is ek en God in die kamer bymekaar.*** Die krag van jou gebed sal wees volgens jou ervaring van God se nabyheid

As daar een ding is wat jy nougeset moet navolg, dan is dit die verborge omgang met God. Jou lewe is met Christus verborge in God; jy moet elke dag in gebed van Bo vra volgens jou behoeftes vir die dag, en dit deur die geloof ontvang. Jy moet elke dag jou persoonlike omgang met die Vader en die Here Jesus vernuwe en versterk. God is ons Heil en ons Sterkte. Christus is ons Lewe en ons Heiligmaking. Ons saligheid is alleen geleë in ons persoonlike gemeenskap met die lewende God.

Bid baie, bid gedurig, bid sonder ophou. As jy geen lus het om te bid nie, gaan juis dan na die binnekamer. Gaan soos een wat niks het om na die Vader te bring nie, om jou voor Hom te stel met geloof in sy liefde.

Om net na die Vader te kom en met Hom te vertoef is alreeds 'n gebed wat Hy verstaan. Wees verseker dat om voor God te verskyn, hoe leeg jy ook al voel, altyd 'n seën meebring. Die Vader hoor nie net nie, Hy sien in die verborge, en Hy sal dit in die openbaar vergelde.

Reken daarop dat jy 'n antwoord op jou gebed sal ontvang. "*Jou Vader sal jou in die openbaar vergelde.*"

Daar is niks waarvan die Here Jesus so duidelik gespreek het as die sekerheid van 'n antwoord op die gebed nie.
Kyk na die beloftes;
*Matt 7:7,8, Mark 11:24, Luk 18:7, Joh 14:13,14, Joh 15:7,16, Joh 16:23,24*

Let op hoe dikwels in die psalms God aangeroep word as die God wat die gebed verhoor en antwoord gee.
*Ps 3:5, Ps 4:4, Ps 6:10, Ps 10:17, Ps 17:6, Ps 22:25, Ps 20:2,7,10, Ps 34:5,7,18, Ps 38:16, Ps 40:2, Ps 65:3, Ps 66:19.*

Daar kan baie redes wees wat 'n antwoord kan teë hou. Tog is die uitstel van die antwoord 'n baie geseënde leerskool. Dit lei tot selfondersoek of ons verkeerd bid, en of ons lewe wel met ons gebed ooreenstem.

Dit spoor ons aan tot 'n suiwerder geloofs-oefening; *Jak 1: 6, Jak 4:3, Jak 5:16, Jos 7:12, 1 Sam 8:18, 1 Sam 16:37,38, 1 Sam 28:6,15, Jes 1:15,Spr 21:13, Miga 3:4, Hag 1:9.*

- Dit lei tot 'n hegter en voortdurende omgang met God
- Die vaste vertroue op 'n uiteindelike antwoord is die geheim van 'n kragtige gebed.
- Laat dit altyd die hoofsaak wees by jou gebed.
- As jy bid, bly in die middel van jou gebed stil om te vra: en luister na God se antwoorde.
- Glo vas dat jy die antwoord sal ontvang en hou daaraan vas; dit sal vir jou wees volgens jou geloof

*Ps 145:9, Jes 30:19, Jer 33:3, Mal 3:10, Matt 9:29, Matt 15:28, 1 Joh 3:22, 1 Joh 5:14,15.*

Uit: *Het Nieuwe Leven, deur Andrew Murray (verkort) Stefan Coetzee*







***As jy al ooit gewonder het hoekom jy as gelowige 'n dankoffer moet gee,*** kan ek nie beter doen as om jou na Deuteronomium 8 te verwys nie. Daar lees ek: "Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my al hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf" (Deut. 8:17-18).

Die versoeking is altyd groot om te dink dat dit deur jou eie harde werk is wat jy jou suurverdiende geldjies bymekaargemaak het. Die waarheid is egter dat as God jou nie geseën het met krag en gesondheid – en geleenthede – nie, sou jy niks daarvan kon doen nie. Op die ou end kom dit alles van Hom af

***Die volgende logiese vraag is dan seker: hoeveel****?* In die Ou Testament is dit eenvoudig: God het een tiende gevra van alles wat jy inkry. In die Nuwe Testament word daardie eis nie nie uitdruklik herhaal nie, maar hoor ons eerder by Paulus 'n nuwe aksent: "As die goeie wil daar is en **iemand gee volgens wat hy het**, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie" (2 Kor 8:12). Nou gaan dit nie meer oor wetlike voorskrifte nie, maar om 'n saak wat jy saam met God moet gaan uitmaak.

Moenie te gou daardie geldjie in die koevertjie sit nie – ten minste nie voordat jy dit met God uitgeklaar het nie! Jy bely dan na alles dat alles syne is…

Jesus self was baie uitgesproke daaroor dat ons nie moet toelaat dat materiële goed ons lewens regeer nie. Hy het reguit gesê: "Moenie vir julle skate op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar…. Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees" (Mat 6:19-21) – of soos ***Die Boodskap*** dit so mooi stel: "Hou op om van die oggend tot die aand agter geld aan te hardloop. Niks hou hier vir altyd nie. Diewe breek oral in en steel, motte en goggas vreet alles op en ouderdom laat dinge vergaan. Maak eerder vir julle 'n bankrekening daar by God in die hemel oop. Geen dief kan ooit daar inbreek om iets te probeer steel nie.

Die dinge waarmee jy jou van vroeg tot laat besig hou, sê wat die belangrikste in jou lewe is. Jou lewe wys waar jy jou 'rekening' oopgemaak het."

Van die begin af, het God gesê dat sy mense nie met leë hande by godsdienstige feeste moet opdaag nie.

Hulle moes nie net ingestel wees op wat hulle kan *ontvang* nie! Daarom sê Deuteronomium 16: "Die volk mag nie sonder offers in die teenwoordigheid van die Here verskyn nie. Elkeen moet 'n geskenk bring in die mate waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het" (Deut 16:16,17). Natuurlik was Jesus se offer genoeg om die eise van die wet te vervul, en daarom bring ons vandag net **'n OFFER VAN DANK AAN DIE HERE**!

As jy dan Sondagoggend vir die Here 'n spesiale offer bring, onthou dan wat Paulus skryf in Filippense 4: "Julle gawe is voor God 'n offer met 'n lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus" (Fil 4:18,19). Dis na alles waar wat Maarten Luther gesê het: "Op die **geloofspad** ondergaan 'n Christen 3 bekerings: eers die **verstand**, dan die **hart** (lewe) en uiteindelik die **beursie** – die derde bekering is 'n teken van ware bekering!"

*Verwerk van ds. Francois se stukkies vir die aankondigings (NG Kuilsrivier De –Eike*





# Aksie Jonk van Gees

Die Aksie is 'n groep sestig-plussers wat die lewe aanpak in hul silwerjare, nog met lewenslus en vreugde. Van jong pensioenarisse tot persone in hul tagtigs - Wat 'n wonderlike voorreg!

Ons maandelikse byeenkomste was heerlike kuiergeleenthede waar ons saam mekaar se wêrelde deel.

Dit was 'n goeie kwartaal waar ons 'n spreker gekry het om met ons te kom gesels oor sekuriteit. Ons is baie dankbaar vir Hennie de Vos wat vir ons kom inlig het waarvoor om op die uitkyk te wees en waarvoor ons versigtig moet wees. Hoe kan ons maatreëls in plek sit om ons te beskerm.

Lizelle Venter wat die Apteker by Muldok Apteek is, het kom gesels oor medikasie, generiese medikasie, ens. Die lede kon vrylik die Apteker vra alles oor medikasie en dit was baie insiggewend.

Ons het gekoek en getee, gekaas en gewyn. Heerlike Lente-ontbyt gehad gebraai en getoor met pap. Die jaar is afgesluit met 'n heerlike aansit-ete, voorberei deur ons eie dames.

Ons sien daarna uit om almal bo sestig of vroeë pensioenarisse, om in 2023 saam met ons te kom kuier. Ons wil graag voortbou op 'n baie suksesvolle jaar.

**Ons bestuur vir 2023 is:**
Tokkie Ras (Voorsitter)
082 462 3294
Mari Blignaut (Ondervoorsitter)
Blackie Swart en Linda Binneman











## Wit-skuiling huis - Leeuwkuil
## CHADRIS COMMUNITY

Een van die grootste vreugdes is om 'n verskil in iemand se lewe te maak, en dan daardie verskillende reaksie op hul gesigte sien.

As jy Kersfees of met 'n verjaarsdag vir iemand 'n geskenk gee en hul maak die geskenk oop kan jy sien die waardering, vreugde en blydskap wat die geskenk bring as dit 'n geskenk was wat hul graag wou hê. Dit bring vir 'n mens dan vrede en vreugde in jou eie hart as jy verskil in iemand se lewe maak.

Ons Gemeente het hierdie jaar die Skuiling geïdentifiseer as een van die projekte waarby ons wil betrokke raak. Daar bly +- 60 persone in die skuiling en die meerderheid inwoners is bejaard.



Ons gemeente het deur die jaar kos en klere gestuur om te probeer om 'n verskil te maak.

So paar weke gelede het daar 'n anonieme skenker gekom wat 'n groot bydrae gelewer het in die opgradering van die kombuis (nuwe potte en kombuis toebehore is aangekoop). Nog 'n gemeentelid het 'n oond geskenk.

Ander gemeentelede het ook onlangs saam die kamp besoek waar ons saam met die bestuur van die kamp vergader het en nog behoeftes geidentifiseer wat aangespreek word Bv lidmate wat maandelik kookolie gaan skenk ens

Tans word daar ook beplan om 'n stoor te bou, skenkings van sement, sink, vensters en dak balke is ook reeds vir die projek ontvang.

'n Anonieme skenker ook die behoefte gehad om vir die Skuiling te bederf met 'n lekker kersete op Kersdag. Die spyskaart is beplan en almal is baie opgewonde hieroor. Dit is 'n voorreg om deel van die kamp te wees..

Wat 'n voorreg is dit nie om deel van die uitreik te kan wees.



















Matteus 28:19
*"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels:"*




**ELKEEN VAN ONS SKAKEL OP EEN OF ANDER MANIER IN BY DIE PERSOON LANGS JOU IN DIE KERK… Of dit is deur familie, vriendskap, werk of selfs buurmanskap is.**

**Met die Konneksie byeenkomste wil ons graag lidmate bymekaar bring en help mobiliseer om God se roepstem te hoor vir ons Gemeente**

**Byeenkomste word vroeg in 2023 in Wyksverband beplan. Kom skakel gerus en sodat jy ook deel kan wees van dié groter prentjie.**

# SENDINGINISIATIEF

Willem Nel skryf...

Ek antwoord van hier uit Bouake, Ivoorkus waar ek opleiding gee aan voornemende gemeente stigters.

Ek en Marina is nou byna 5 jaar in Egipte en werk met Jeug met 'n Sending (YWAM). Marina is betrokke by Member Care wat se hoofddoel is om te verseker dat sendelinge in alle aspekte goed in hulle vel sit, geestelik, emosioneel, asook fisies. Saam met 'n Amerikaanse vrou het hulle oor die afgelope jaar "The River" Member Care sentrum opgerig in Kairo. Ses weke gelede het hulle ook hulle eerste seminaar aangebied met 'n internasionale span van "The who's who" van Member Care internasionaal. Die 8ste Desember het hulle hul amptelike opening van die sentrum. Die sentrum het 'n leslokaal, vertrekke waar persoonlike "debriefs" gedoen kan word asook administrasie.

Marina se hoof fokus met die sentrum is die plaaslike Midde Oosterling Sendeling wat in die verlede nie toegang gehad het tot sulke hulp nie. Hulle sal ook sendelinge van buite (ex-pats) van hulp wees. Oor die volgende paar jaar is een van haar hoofdoele om plaaslike persone op te lei om dit te kan doen vir die hele streek.

Egipte is vir my die basis vanwaar ek my take binne YWAM uitvoer. Ek vorm met twee ander persone die leierskap vir "Multipliers" binne YWAM se Frontier Missions afdeling. Multipliers se hoofdoel is die opleiding van werkers vir die begin van "Disciple Making Movements" (DMM) onder onbereikte volke. Ons kursus vir die opleiding van werkers vir DMM staan bekend as "Harvest Multiplication Training" (HMT) en bestaan uit drie modules;
Module 1 - 'One Field, One Goal",
Module 2 - "Tracking the Fruit & Transition to Church";
Module 3 - "Sustaining the Movement and Multiplication of Leaders".

Module 2&3 word alleen aangebied op uitnodiging aan die wat reeds vrug op hulle werk sien of aan die begin van 'n beweging is. Dit is waarom ek vanuit Ivoorkus skryf want die afgelope week was ek in Togo waar ek ook die opleiding gegee het asook werkers in die Noorde in afgeleë dorp besoek het, wat onder 'n onbereikte animistiese stam werk.

Verder is ek ook die streek leier vir YWAM se Frontier Missions streek wat strek van Ethiopie/Somalie tot by Egipte en is dus verantwoordelik vir die uitbreiding van gemeente stigting spanne en hul begeleiding en ondersteuning. Ek is ook "ouderling" vir die Frontier Missions spanne vir Noord Afrika, Europa en die Midde Ooste. In Egipte begelei ek die plaaslike Frontier Missions leierskap en help met die aanbied van HMT's. My verantwoordelikhede vereis dat ek elke maand erns in die wêreld opleiding gee en spanne besoek in die veld. Ek is ook besig met 'n PhD deur NWU Potchefstroom waarin ek CPMs en DMMs navors tov die gevare wat die stagnasie of dood van beweging veroorsaak en hoe om dit te voorkom.

Nogmaals baie dankie vir julle gebeds en finansiële ondersteuning asook die belangstelling in ons werk. Weet dat ons julle as vennote beskou en baie waardeer vir dit wat julle doen.

Vriendelike groete vanuit die hitte van Wes Afrika,

# ABRAHAM KRIEL KINDERHUIS

### *Huis Bauhinia*

Ons gemeente is nou 8 maande betrokke Huis Bauhinia. Die huis se dogtertjies het bietjie aangepas met Lerato wat matriek skryf en Shiri wat oorgeplaas is na 'n huis met ouer dogtertjies.

Ons dogtertjie huis bestaan nou uit: Marina (13), Kaylie (12), Zante (9), Ruchelle (9) ,Janrie (9), Klara (9), Jessica (13), Eunice (8), Haylee (7)
Ons doel is om 'n rustige mooi atmosfeer vir die dogtertjies te skep ten einde meer normaliteit aan hulle lewe te gee. Ons probeer hulle bederf deur klein dingetjies wat ons in ons daaglikse lewe as van selfsprekend aanvaar.

Ons beoog om vroeg in die Nuwejaar 'n nuwejaarspakkie vir elke dogtertjie op te maak. Ons gaan poog om nuwe badgoedjies vir hul badsakkies bymekaar te maak asook swemhanddoeke.

### *Huis Boekenhout*

Dit gaan baie goed by die seuns. Ons kuier elke maand by hulle en ons het 'n baie oulike Tannie wat vir hulle koekies bak met baie liefde wat ons vir hulle saamvat.

Dit gaan ook baie goed met Kobus en Annemarie – hulle huis ouers.

Daar is tans 10 seuns in die huis en ouderdomme wissel tussen 8 en 15 jaar

Die twee huise se kinders het saam ons gemeente basaar bygewoon en ons het op 20 November jaarafsluitings partytjie gehou hier op die kerkterrein met 'n waterwurm en springkastele en natuurlik heerlike hamburgers en chips gemaak. Die dag afgesluit met 'n heerlike roomys.

Gedurende Desembermaande word baie van die kinders uitgeplaas na hulle ouerhuise. Daar is wel 'n paar wat agterbly by die kinderhuis en dan word hulle bederf deur 'n weldoener wat sowat 60 kinders see toe vat. Lede uit die publiek help ook gedurende die Kerstyd om 'n besonderse kerstyd vir die kinders te maak.

Die huise by die Kinderhuis ontvang daagliks middagete vanuit die kinderhuis se kombuis, oats en mieliepap en brood word voorsien vir ontbyt en aandete. Ons graag hulle bietjie bederf met ietsie lekkers vir die aande. Ons benodig benodig bv: Pakke gevriese aartappelskyfies, olie, tamatiesous en mosterd. 2 minute noodles, enige ontbytpap, springmieliepitte, speserye vir springmielies. Iets lekkers vir toebroodjies bv marmite, kaassmeer, viennas en kaas. Toiletware soos Sjampoe, sponsies, koekies seep, lyfroom, tandepasta, onderarm rollon. Lipice, showergel.

Ons nooi enige gemeentelid om betrokke te raak by Huis Bauhinia of Huis Boekenhout.









Kwartaal 4

# Jeug en Kategese

## Kinderkerk

Dit het baie goed gegaan met die Kinderkerk hierdie jaar. Ons het gemiddeld so 25 tot 30 kinders gehad wat bygewoon het. Ons het lekker saam geleer van die Bybel en waardes, saamgesing en gebid.

Ons het ook geldjies uitgepak vir Bybelverspreiding – "muntlegging". Wimpie en Ella het gereeld kom kuier

Die Maats van die kinderkerk asook ons Junior Kategese het ons jaar afgesluit met 'n lekker Piekniek by Tibani Lodge.

## Senior Jeug

Dit het goed gegaan met die senior jeug byeenkomste op Sondagaande.

Ons het 'n klompie aktiwiteite gehad na die gesprekke soos "marshmellow gholf" en "indoor hand sokker" – en natuurlik die "Spy Game" baie gespeel....

Die jaar is afgesluit met 'n fliek en hamburger gebraai so tussen die "loadshedding" deur.

## Die doel van Kategese en Jeugbediening

Die droom van enige kerk se jeugbediening is dat, ons kinders en tieners vir Jesus persoonlik sal ken en sal aanhou om in 'n verhouding met Hom te groei. Die uiteinde is dat ons geloof by jongmense wil help vorm wat hulle help om as dissipels te leef en 'n verskil te maak in die wêreld. Jongmense moet eendag, waar hulle ook al gaan, **"kerk"** kan wees.

Ons gemeente wil deur kategese, eredienste, jeugaktiwiteite, huisgeloof, kampe en uitreike verskillende tipes ruimtes skep waar geloof se verskeie fasette gevorm kan word.

**'n Afrika spreekwoord lui "It takes a village to raise a child",** daarom nooi ons Ouers, ander leiers en volwassenes, groeplede, bejaardes ens. om verantwoordelikheid te aanvaar om geloof te vestig by ons jongmense!

**Kom raak asb betrokke in 2023 in jou kind en of ons jongmense se geloofsvorming!**

# Belydenisaflegging

6 November 2022



TEMA : Saam met wie loop jy jou lewenspad? EFESIERS 3 : 14 - 21



Baie geluk aan elke jongmens / jong volwassene wat Belydenis van hul Geloof afgelê het

Ons gebed is dat hulle getrou sal bly aan hulle beloftes en as lewende lidmate sal leef.

Zia Boltman
Henro Bruwer
Amelie Coetzee
Leandri Du Preez
Jovonika Du Plessis
Kyla Erasmus
Jaque Fourie
Carla Greyling
Lian Janse van Rensburg
Caitlin Jacobs
Jana Kruger
Jaco Le Roux
Björn Marais
Anneri Pretorius
Jan Van Der Baan
Franko Van Der Nest

**Belydenisaflegging**

**13 November**

Mareli Reyneke

**20 November**


Brentton Fossati
Shareen Fossati
Darnelle Venter





















DANKIE-Sê-TEE

SKOOLVERWISSELINGSKAMP

KANTOORAFSLUITING

BASAAR

STERKRIVIER KERSSANGDIENS

PANNEKOEKBAK BY OUETEHUIS BASAAR

JNR JEUG PIEKNIEK